

Toe ek as 'n Rebel geveg het



Die persoonlike storie van

Kolonel Danie Scheepers, D.T.D., wie die
veld ingeneem het teenoor die Britse Magte
in die Anglo-Boere Oorlog van 1899-1902



Ek weet nie of hierdie artikel van enige waarde is om êrens te publiseer nie.
Soos jy sal sien is dit in 1936 in die Eastern Province Annual for 1936
gepubliseer.

Ek kon dit nog nerens anders kry nie.

Dit is my man se oupa

Die boek is baie gehawend, en ek het dit alles oorgetik

Groete

Co-ordinator/Koördineerder

Maroela Residences

University of Pretoria

Unversiteit van Pretoria

0836361428 012-4206087

Lorraine Jordaan [Lorraine.Jordaan@up.ac.za]

Op die 5de Maart 1901 het ek n rebel geword vir die volgende redes:

(a) Onder voorwendsel dat die Republiekeinse invallers ons gewere sou kommandeer en hulle teen hulselfers gebruik, , het die Koloniale Regering alle boere gelas om hulle gewere aandie militêre outoriteite te oorhandig;

(b) Nadat al die gewere deur die militêre outoriteite gekommandeer was, was hulle volgende stap om las te gee dat alle diensbare perde na die konsentrasiekampe gebring moet word, wat ons geen vervoermiddel gelaat het nie behalwe voetslaan of ossekar;

(c) les bes, soos elke Brit sal erken, is bloed dikker as water, en baie Kolonialers, myself inkluis, was van mening dat Engeland 'n onregverdige oorlog op die Republieke geforseer het, en dat dit ons plig was om laasgenoemdes te help as ons die geleentheid kry. Tot vandag toe is ek oortuig dat en net gehandel het soos duisende ander hollandsprekende Kolonialers sou gehandel het as hulle die geleentheid gekry het om te rebelleer, of as hulle nie bang was dat hulle gevang en later doodgeskiet sou word nie.

Vir bogenoemde redes het ek besluit dat ek sou rebelleer sodra ek die geleentheid daartoe kry. Gelukkig het ek reeds besluit dat ek nóg my geweer nóg my ryperd so oorhandig aan die outoriteit. Laasgenoemdes was bewus hiervan en het my 'n mondelinge boodskap gestuur met die skoonvader van die teenwoordige minister APJ Fourie dat hulle my sou kom haal met geweer en perd en al.

Ek het derhalwe bewus dat ek in moeilikheid sou raak en het ernstiglik gebid dat daar 'n Boere kommando naby my huis moes kom sodat ek by hulle kon aansluit.

Daar ek bevrees was om deur die militêre in hegtenis geneem te word, het ek met die mense op my vader se plaas ooreengekom om die plaasklok te lui as daar troepe by die huis kom wat Boere was. As die troepe Kakies was moes hulle nie die klok lui nie en ek sou dan weet dat ek die vlug moes neem.

Nooit sal ek die 5de Maart, 1901 vergeet nie-twee dae na die beset van Pearston deur die Boere-toe ek tot my grootvreugde die plaasklok hoor lui en vind dat 'n klein afdeling burgers van Kritzinger se kommando onder Kaptein J Smit by die plaas aangekom het. Hierdie manne was afgesny en was aan soeke na die hoof kommando.

Toe die plaasklok lui was ek besig om wolbale toe te werk. 'n Plaasarbeider met die naam van Els het my gehelp. My ouers was sterk daarteen gekant dat ek moes rebelleer en ek was bevrees dat hulle liever sou sien dat ek gearresteer word as om 'n rebel te word. Ek het dus vir Els gestuur om ondersoek in te stel en tot my vreugde het hy teruggekom den gesê dat die Boere werklik gekom het.

Omtrent 'n halfuur nadat ek die klompie Boere ontmoet het was ek gekleed en ten volle uitgerus-soos ek destyds gedink het, om uit te trek op die lange en donkere pad om vir die twee Republieke te gaan veg. Toe ons klaar was om te vertrek het my vader my

geroep en gesê: "Jy is mondig en jou eie baas. Jy kan doen wat jy lus het en kan jou nie belet om te rebelleer nie, maar ek wil hê jy moet een belofte maak en dit is dat jy jou nooit aan die vyand sal oorgee nie en dat jy nie sal terugkeer nie voordat die oorlog verby is- as jy tot die ent toe gespaar word".

My antwoord was: "Die Britse soldate mag die geluk hê om oor my dooie ligaam te stap, maar ek kan vader verseker dathulle my nooit 'n krysgesvangene sal maak nie"

Ek het getrou gehou met my vader, want alhoewel ek verskeiemale "gehensdop" was, ek baie male vir my in benoude hoekies bevind het, ek altyd daarin geslaag om daardie hoekie te behou of te ontvlug, want ek het 'n baie goeie geloof gehad in die ou leuse dat hy wat weghardloop sal leef om 'n anderdag weer te veg. Dit geld ook vir die Boere kommando's. Gewoonlik was hulle minder in getalsterkte en wanneer die posisie te warm geword het, het teruggetrek na die volgende beste posisie.

Die handjievul burgers (nou 18 man sterk) het Upsal-my vader se plaas- verlaat en in 'n suidoostelike rigting getrek om vir gen. Kritzinger se kommando te soek. Op weg het ons verneem dat gen. Kritzinger die Midlandse Spoorweg naby Saltaire oorgetrek het en op weg was na Bedford. Ons het dus gemeen dat ons hulle in tussen Bedford en Cradock sou ontmoet. Toe ons naby Wimos stasie kom sien ons troepe uit die trein klim so het ons maar weer in 'n westelike rigting gegaan om die troepe van die spoor af te lei en soveel plaasperde moontlik gevang. Dit dien gemeldte word dat baie ander boere behalwe ek hulle perde in die berge verskuil het, en net daardie perde na die militêre gestuur het wat hulle omgee om te verloor nie. Ons het dus hot en haar getrek om soveel plase moontlik raak te ry.

Hierdie idee was my eie en het goed gewerk want ons het 'n mooi aantal perde buitgemaak, en etlike jongkêrels toe hulle my onder die handjievul burgers sien, het by ons aangesluit menende dat hulle die geleentheid so kry om by die berugte gen. Christiaan de Wet aan te sluit. Ses weke later, toe ons gen. Kritzinger by die Klein Suurberg in die Steynburg distrik ontmoet het, het ons afdeling uit 54 man bestaan waarvan 52 gewapen was. Ons sou baie meer getel het, maar etlike rekrute het berou gekry en teruggekeer huis toe.

Dit mag gevra word hoe ons wapens en ammunisie gekry het aangesien alle krygsmateriaal na die dorpe gebring moes word. Die antwoord is maklik. Af en toe het ons Britse verkenners of 'n klein troepemag ontmoet. Ons het hulle voorgelê en nege maal uit die tien het ons hulle gevang. Dit was die gebruikelike taktiek van die Boere.

Toe ons afdelinkie by gen. Kritzinger aangesluit het, het ons onafhanklikheid en onverantwoordelikheid opgehou en moes ons buig onder die hoër gesag. Dit het swaarder geveg, strengere bevel en beter disipline beteken, alhoewel laasgenoemde

ernstig kort geskied het by die Boere tot aan die ent van die oorlog. Ek hou vol dat die Suid-Afrikaanse soldaat vir niemand hoef terug te staan nie, maar gebrek aan disipline het meer as eenmaal die Boere verplig om 'n waardevolle posisie te verlaat. Soos ek reeds gesê het, was die Britse troepe gewoonlik oorweënd groter in getal, en dikwels het sommige van ons manne weggehardloop, met die gevolg dat die hele kommando terug moes trek uit vrees vir verraad. As die Suid-Afrikaanse soldaat net so goed geoefen en onder tug gebuig het soos die Duitse soldaat, sou hy sy man enige plek in die wêreld staan teen 'n gelyke aantal, want die Afrikaner weet hoe om 'n perd te beheer, 'n roer te hanteer en die afstand te skat, en wat nou van groter waarde is, weet die meerderheid van hulle wat om te doen as die nood druk.

Toe ons by Gen. Kritzinger aangesluit het, het ek vir hom gesê dat ek nie graag as gewoon vlegsman wou dien nie, maar verkies om by die Verkenner Korps aan te sluit. Die Generaal het my gelas om luitenant Leon Cachet te gaan sien, wat in bevel was van die verkenners. Laasgenoemde het geantwoord dat hy nie juis op die oomblik iemand nodig gehad het nie, maar dat hy my vir 'n paar weke op die proef sou stel om my bekwaamheid as verkenner te toets. Voordat die paar weke egter verby was, was ek aangestel as korporaal, met vyf man onder my bevel. 'n Paar weke later het luitenant Cachet sy korps gereorganiseer, en Jan van Heerden (Bontjan), Andries Greef en ek was gepromoveer tot luitenante, en terwyl Cachet kaptein geword het en sy bevel direk van gen. Kritzinger ontvang het. Wyle kommandant Hans Lötter, wat later gerig was vir hoogverraad was toe kommandant van die kommando.

Na verloop van meer as dertig jaar is dit moeilik om alle besonderhede te onthou, tensy mens 'n dagboek gehou het, wat ek nie gedoen het nie.

Ek het egter 'n goeie geheue en ek sal my bes doen om my oorlogs ondervindings so getrou en onpartydig moontlik te boek stel. Ek het my doop onder die koëls ondervind toe nog onder kaptein J Smit op soek was na gen. Kritzinger se kommando. Dit was in die distrik Cradock toe ek nog onervare was en nooit die gesuis van 'n vyandige koël ondervind het nie. Ons was afgesaal by 'n boerplaas en 'n klompie van ons, ek ingesluit, was in die huis toe ons die fluitjie hoor blaas en die bevel kry "Saal op, Kakies is hier". My perd was die eerste wat opgesaal was, en toe die bevel kom om die randjie te storm, was ek in eerste posisie, gevolg deur 'n Vrystater genaamd Venter. Ek vra vir Venter "wat nou gedoen?" en hy antwoord ewe bedaard "Steek hulle los" Ons het hulle losgesteek en hulle het met allerly weggeja, gevolg deur ek en Venter so hard as ons perde kon loop. Ek was die enigste een wat daarin geslaag het om 'n Tommie soos die Britse soldate algemeen genoem was, te vang, maar ek was gewaarsku deur kaptein Smit om te onthou dat Tommie ook gewapen en 'n vyand was. Hierdie soort spulletjie het aangehou totdat ons by gen Kritzinger aangesluit het.

Die meeste van ons arme dwase het gemeen dat as ons maar net by Kritzinger kon kom sou ons in die Paradys wees; toe ons egttereers daar gekom het, het ons ontdek dat dit die

ander plek was, want gen. Kritzinger was hoof bevelvoerder van die Kaapse Bevel, en dus natuurlik was al die troepe agter hom aan. Die gevolg was dat ons bykans elke dag moes veg. Die Britse troepe was altyd daar om te veg, maar die geleentheid was nie altyd gunstig vir die burgers nie, want gewoonlik was hulle baie minder in getal en dus moes hulle 'n gunstige geleentheid afwag, want met tye was ammunisie nie te te volop nie. Onthou ons moes ons rantsoene uit dieselfde kruithuise ontvang as die Britse troepe, met hierdie verskil dat hulle sin vir hulle gegee was, terwyl ons ons sin met geweld moes neem.

Voor ek verder gaan wil ek hulde bring aan die vyf verkenneers onder my bevel. Hulle was Johannes le Roux wat nog leef en wat woonagtig is in die distrik Pearston, Jan en Paul Roode en Jan Durand van die dist. van Cradock, en Jan Kleinhans van die dist. Kroonstad. Durand en een van die Roode seuns het gesneuwel toe Lötter gevang was. Hierdie manne het my getrou bygestaan in menige noue hoekie, en was besiel met die idee dat ek hulle nooit in 'n gat sou lei waar ek hulle nie weer sou uitbring nie. Baie maal egter het ons net naelskraap ontsnap.

Van Kleinberg af het gen. Kritzinger omgewerk in noordelike en noord-oostelike ringting na Jamestown, met die idee om die dorp in te neem en ons kledingvoorraad, wat baie uitgeslyt geraak het te hernu. Ek mag hier melding maak dat ek van die begin af die voorreg gehad het om te dien op die Krygsraad of kommando komitee-as mens het dit by daardie naam mag noem- want daar was nooit notule gehou nie, en alles was mondelings en in getrouheid.

Twee dae voor die inname van Jamestown het die Raad reeds daartoe besluit, maar die bemanning het daar niks van geweet nie. Ongelukkig moes ek vooruit verkenningwerk doen, sodat ek nie vanself in die posisie kon ondersoek nie. Dit was in eie persoon gedoen deur gen Kritzinger, kommantant Lötter en kaptein Cachet. Ons voorraad was op daardie tydstip juis baie laag, en in werklikheid het ons maar omtrent vyf patrone vir elke man in die kommando gehad. Die aand voor die aanval was al die ammunisie byeengebring en uitgedeel aan die vyftig man wat die aanval moes maak. Daardie nag was die orige deel van die kommando skadeloos.



Boere skietende af op 'n konvooi
Boers firing down on a convoy

Die Verkenner Korp is aangesê om die hooffort wat die dorp oorheers het aan te val en in te neem. Die agtien man van die Korp was die "Black Watch" of "Ironsides" van Kritzinger. Hy het geweet as hulle nie daarin slaag om die fort teneem nie dit nodeloos so wees om 'n verdere poging aan te wend, want die dorp was goed versterk vir een van sy grootte. Hierdie fort was omtrent 500 tot 600 tree van die dorp, en was geleë op 'n koppie met 'n ses voet hoog muur om die kruin van die gebou. Binne die muur was die fort, die tent van die offisiere, stalle en 'n groot voorraad voedsel en drie wragte ammunisie. Net onderkant die klipmuur was 'n netwerk doringdraad, omtrent ses duim bokant die grond.

Sowat agtien man was verdeel in drie seksies ten einde die fort van alle kante af aan te val. Die eerste moeilike taak was om deur die doringdraad te sny, nie minder as 42 drade nie. Dit moes baie versigtig en sagges gedoen word deur drie manne, een waarvan die draad moes knip, terwyl die ander twee dit aan albei kante moes vas hou en wegtrek sodat daar 'n opening kon wees en ons nie daar inval ons nie daarin slaag om die fort te beset nie. Die volgende stap was om oor die muur te klim en dit moes besonder stil gedoen word om nie die in die fort wakker te maak nie.

Dit het plaasgevind net voor dagbreek. Ek en my vyf man was die eerstes om oor die muur te klim en die fort te nader. Op weg kom ons twee brandwagte toe. In 'n sagte

stem het ons hulle "Hands up" en met sagte stem het hulle geantwoord "All right" en toe het ons vorentoe gegaan. Die volgende stap was om die bevelvoerende offisier, Kapt. Kidwell te arresteer, maar hierdie ongelukkige man het sy lewe verloor, Hy was geskiet ten spyte van die bevel van gen. Kritzinger om nie n skoot te skiet voordat die vyand begin skiet nie. Weer was die bevel nie gehoorsaam nie. En hierdie keer was ek die misdadiger. Ek het die eerste skoot afgelos en dit het natuurlik die manne in die fort wakker gemaak en hulle het begin skiet, en die burgers buite het natuurlik teruggevuur. Ek en my manskappe was in die middel. Ek het somaar platgeval en so plat soos n padda gelê, maar wat met die anders gebeur het het ek op daardie tyd nie geweet nie.

'n Skerpe geveg het omtrent 'n halfuur aangehou toe die troepe in die fort oorgegee het. Soos reeds vermeld was kapt. Kidwell gedood, terwyl een Tommie gedood en etlike gewond was. Aan die ander kant was een burger, Myburg, gedood, en ek glo tot vandag toe dat hy deur ons eie manne wat van agter die muur af geskiet het, doodgeskiet was.

Na die oorgawe van die fort het al die burgers hul goed gehelp aan die ammunisie en toe is ons dorp toe. Die dag het toe net gebreek en al die manne was in die sloot wat op die dorp verbyloop. Dit was almal behalwe ek. Terwyl ek ewe op my gemak afgestap het, het ek skielik skote hoor verby fluit, en het ek ook sloot toe gehardloop waar ek verneem het dat mens nie kop kon uitsteek nie sonder dat daar 'n skoot by jou verby vlieg. Ek het aan die manskappe gesê dat dit nodeloos was om te wag totdat dit lig was, want dan sou almal van ons geskiet word. Een skoot het so naby my verby getrek dat dit die grond in my gesig en gesig gewerp het.

Ek het verder in die sloot af gehardloop en ontdek dat ons omtrent 40 tree van die fort naby die tronk af was, so het ek aan die hand gegee dat ons die dorp met vrywilligers moes stormloop. Net vyf van ons het ingewillig, meestal lede van die Verkenner Korps. Gelukkig was kapt. Cachet in die sloot en so het ek hom gevra om voor te gaan. Die ander drie het gevolg en ek was die agterste. Ons het 'n warm ontvangs gehad daar ons omtrent 'n honderd tree moes hardloop oor ope grond. Ons het skuiling geneem agter een van die huise. Hier het ek die ander vier mans laat staan en in die rigting van die fort gehardloop, en oor die muur gespring in 'n agterplaas met die die straat tussen my en die fort. Diemanne in die fort moes oor die sandsakke skiet daar hulle nie skietgate gehad het nie, en ek het so suiwer geskiet dat ek hulle gou stilgemaak het. Ek het die geweer van een van die Tommies in sy hand stukkend geskiet net toe hy aanlê oor die sandsakke.

Dit het Cachet 'n kans gegee om, om te hardloop en van die ander kant af aan te val. Hier het 'n boodskapryer van die vyand teen Cachet vasgery, wat hy vir een van sy eie offisiere aangesien het, en aan hom 'n rapport oorhandig waarin bevel gegee word dat hulle moes uithou daar versterkings aan komme was. Ek veronderstel dat die ryer niks geweet het van die inhoud van sy briefie nie, want Cachet het aan hom 'n ander oorhandig

en hom na die fort gestuur met die las om dadelik oor te gee. Onmiddelik word die witvlag gehys, en ons het die manne binne die fort laat uitmasjeer en inval buite, waarna ek na binne gegaan het en al die slotte uit die gewere uitgetrek het. Cachet en ek het dus die eer gehad om 48 manskappe gevange te neem. Soos kan begryp word was die Tommies verbaas toe hulle uitvind dat hulle net deur twee manglewande was. Die ander twee forte het later daardie dag oorgegee, maar van hulle kan ek niks sê nie.

Daar ons buit drank bevat het, het die burgers daardie aand die inneem van Jamestown gevier, en ek dink ek was die enigste nugter man onder hulle. Na die beset van Jamestown was ons so goed uitgerus, en het ons soveel gewere en ammunisie gehad dat ons instaat was om vir of vyf ander kommando's ook te help.

Ons triomf was egter van korte duur want die volgende oggend het die versterkings aangekom en dadelik begin veg, sodat ons verplig was om baie van ons buit agter te laat. Nie lank daarna nie het die Tommies die inneem van Jamestown op ons gewreek. Ons was op 'n plaas in Lady Grey distrik waar daar volop voer was en daar het ons twee dae en drie nagte vertoef. Ek was uitgewees om te verken en die rigting van Kokstad en het omtrent nege uur die aand teruggekeer na die kamp. Op weg terug na die kamp kon ek die burgers twee myl vêr hoor sing en toe ek by die kamp kom het ek vir hulle gesê dat hulle na 'n ding soek. Ek was ook nie lank in die kamp nie of die gevaartekens word gegee. Nadat ek die Generaal geroep het, het ek na die drinkbakkraal gesnel waar die perde was, en ek hoor die Tommies "hendsop" roep en skote was afgelos.

In elk geval het ek daarin geslaag om my perde in hande te kry en bevel gegee om na die stalle te gaan en daar posisie in te neem. Toe ons daar kom was die Tommies voor ons en weer het hulle ons gelas om te "hendsop", en toe gee ek bevel om die poortjie aan te val wat na die plaas toe gelei het. 'n Paar van ons het die poortjie in besit geneem, en dus die meeste van ons manne kans gegee om te ontsnap. Die boere het egter 'n verlies gely van 84 perde gevange. Niemand was aan ons kant gedood sover ek weet nie, en as die Britse verliese gely het, het ek nooit gehoor nie want hulle het in besit van die slagveld gebly. Die 84 perde wat verloor was, was 'n ware slag vir die kommando, want ten spyte van die spaar-perde moes omtrent 40 van die burgers voetslaan.



De Aar Aansluiting soos dit gedurende die Boere Oorlog was
De Aar Junction as it was during the Anglo-Boer War

Na hierdie geweldige slag het gen. Kritzinger besluit om na die Cradock distrik te gaan; maar ons was ernstig gehinder deur die voetgangers-"voetvolk" het ons hulle geneem. Teen hierdie tyd het die Britse troepe met alle beskikbare manne gekonsentreer teen Kritzinger se kommando. Hulle het geweet van ons "voetvolk" en het hulle bes gedoen om hulle te vang, wetende dat as hulle daarin slaag dit die burgers sou demoraliseer. Ons het dit ook geweet en was dus vas besluit om ons voetgangers te behou, so moes ons bedags veg en gedurende die nag trek om te verhoed dat ons gevang word.

Ek sal nooit ons trek deur die Hofmyer distrik vergeet nie. Etlike kolonne het ons van agter aangeja en etlike andere het van die kant af opgeruk. Een kolon in besonder het ons probeer afsny. Gen. Kritzinger en ek het met vier man van die verkenners het uitgegaan om die kolon te hinder sodat hy met die voetvolk verby kon kom. Dink maar net aan die astrantheid van vyf man te stuur om 'n regiment te stuit! Die vyf van ons het egter in die rigting van die oprukkende kolon gery, en deur af en toe op hulle voorhoede te vuur het ons hulle optog soveel teruggehou dat ons kommando tussen die omsingelingetroepe deurgekom het.

Gedurende ons terugtrek het teen van ons manne te voet teengekom, Corneels van Vuuren, 'n groot knewel van 'n rebel, so moeg dat hy nie verder kon gaan nie. Ek het hom my perd gegee en met my hand op die stiebeuel het ek vir drie myl vêr langs hom gedraf, maar ek het hom veilig deurgekry. Die hele spoorweglyn was toe reeds goed bewaak en blokhuis al langs die lyn het dit bykans onmoontlik gemaak om daarvoor te gaan met ligdag.

Tog was ons driemaal verplig om oor die lyn te gaan helder oordag, om te belet dat ons gevang word.

Nadat ons die Midlanse Spoorweglyn oorgegaan het deur 'n kulwert naby Kaptein, het ons na die Swaërshoek berge getrek (agter Sneeuberg in die Cradock distrik). Die Kommando was afgesaal op 'n plaas; ek meen dat dit Kaalplaas was, wat aan 'n van Heerden behoort het. Ek was uit op verkenningswerk toe ek omtrent vyftig Tommies gesien het in die rigting van Waterkloof ry. toe ek teruggekom het by die kamp was dit heeltewel donker, en ek het aan gen. Kritzinger gerapporteer van die Tommies wat ek gesien het, en aan hom gesê dat hulle maklike prooi sal wees. Intussen egter, sonder my wete, was die eerste lot Tommies gevolg deur 'n verder eskadron van vyftig.

Die Generaal het twintig van die beste man gelas om voor dagbreek op te saal, en daar ek die enigste een was wat die pad na Waterkloof geken het, het ek die verantwoordelikheid gehad om te lei en die manne in posisie te plaas.



Kaptein Cachet en ek het omtrent vyftig tree voor die ander manne gery toe ons onverwags op die brandwagte van die Kakies afgekom het. In stede van om te skiet het hulle na hulle maats gevlug en ons twee het hulle agterna gesit. Toe ons omtrent 'n halfmyl van die woning af was, waar ons die troepe verwag het, het ons hulle perde ontdek langs 'n muur met die troepe aan die anderkant. Ek en Cachet het van ons perde afgespring en begin skiet. Toe ons manskappe die geskiet hoor het hulle posisie ingeneem in die koppies omtrent tweehonderd tree agter ons en begin losbreek. Cachet en ek was toe tussen die twee vurende partye. Gelukkig vir ons was dit nog donker, want die dag het net begin breek, anders sou albei van ons doodgeskiet gewees het, as dit nie deur die troepe was nie, dan deur ons eie manskappe.

Omtrent tien minute na die geveg begin het, het kaptein Spando, wat bevel oor die troepe gevoer het, sy manne gelas om die koppie te storm wat omtrent honderd tree hoër was. Terselfdertyd het ek en Cachet ook na die koppie gegaan en daarin geslaag om posisie in te neem omtrent honderd tree hoër as die troepe, nadat ons deur swaar vuur ons weg gebaan het. Ons was nou in 'n beter posisie en het groot skade aan die vyand gebring. Die burgers het ook stadig hul pad omgewerk en 'n dodelike vuur op die vyand afgelos. Nie lang na sonop nie het die troepe die witvlag gehys.

Die uitslag van die geveg was dat kapt. Spando dodelik gewond was. Een-en-twintig van sy manskappe was gedood en omtrent 40 gewond. Aan ons kant was Tommy Hugo gedood en twee burgers gewond. (Paul Maree en Pieter van der Berg). Gen. Kritzinger was nou weer in staat om sy manskappe uit te rus. Sovêr ek kan onthou het gen. Kritzinger 'n Tommie na Cradock gestuur om 'n ambulans na die plaas te bring. Al wat ons kon doen was om te help om die dooies en gewondes bymekaar te maak.

Na die geveg by Waterkloof was die kommando instaat om hulselwers sterk te verdedig en die nood daarvoorhet baie gou gekom by "The Willows" (Spierskloof) in die Middelburg distrik.

Ek en my manskappe was uit gewees om te verken en toe ons by die kommando wat gekamp was te Agter Sneeuberg in die Cradock distrik het ons kennis gekry dat ons die vyand moes aanval by "The Willows" teen dagbreek die volgende dag. Die kommando was omtrent 20 tot 25 myl van "The Willows" en het dit 'n lange nag trek beteken om daar te kom. Charlie Goedhals en ek was agtergelaat om enige rapporte wat deur die vyand gestuur mag word te verhinder; maar laat daardie nag het ons die kommando opgevolg en net voor dagbreek daar aan gekom. Na 'n skerpe geveg wat omtrent 'n halfuur geduur het die troepe oorgegee. Ek het hulle op omtrent 150 tot 200 geskat. 'n Aansienlike aantal manne was gedood en gewond, maar ek kan nie die juiste getal onthou nie.

Na die oorgawe het gen. Kritzinger 'n Tommie na Middelburg gestuur om die Britse ambulans te haal. Terwyl ons gehelp het om die gewonde bymekaar te bring het vier ambulans waëns aangekom met 'n paar offisiere en 'n begeleiding van omtrent 20 man. Dit was 'n gesig om die troepe en burgers so deurmekaar te sien loop en gesels, en saam rook en whiskey uit dieselfde beker drink. Hier was bewys dat daar geen persoonlike haat bestaan het tussen die burgers en die Tommies nie.

Hier het iets gebeur wat die moeite werd is om te boek te stel. Ons het met ons 'n klompie manne gehad, meestal Vrystaters, wat gewoon was om buit in te samel terwyl die orige van ons moes veg. Daardie môre by "The Willows" was hulle maar weer besig met hulle ou streke, maar hulle het uitgevind dat hulle in die kloue van die leeu ingeloopt het, en dat hulle vir hulle lewens moes veg voordat die vyand oorgegee het. Ons manne wat in die vuurlyn was, was baie bly oor hierdie voorval.

Van Middelburg af het gen. Kritzinger stadigaan afgewerk na die distrik Steynsburg, waar hy instruksies ontvang het van gen. de Wet om oor die Oranje Rivier die Vrystaat in te trek en die oorblyfsels van die kommando's wat nog daar was te herorganiseer. Gen. de Wet was op daardie tyd met sy kommando in die Transvaal, en byna die hele Vrystaat was op die genade van die Kakies gelaat, met net hier en daar 'n handjievol burgers wat hot en haar rondgeja is. Sover ek kan onthou was daar vier-en-twintig man uitgesoek van die kommando's van Fouche, Lötter en Kritzinger in die Vrystaat te dien. Ek was een van die manne wat aangewys was.

Die aand voor ons oor die Oranje Rivier getrek het, het ons eers by 'n winkel vir ons koffie, suiker en tabak buitgemaak, want ons het verneem dat daar niks in die Vrystaat te kry was nie behalwe wat ons van ons vyand kon neem.

Toe ons by die Oranje Rivier kom was die rivier in vloed, terwyl al die driewwe streng bewaak was deur die vyand. Ons moes dus met 'n skuit by 'n plek oortrek wat vir die vyand onmoontlik gelyk het, maar nie vir die burgers nie. Die skuit het behoort aan 'n boer langs die oewer van die rivier en dit was gesink sodat die vyand nie daarvan geweet het nie. Dit was omtrent middernag toe alles gereed was vir ons om oor te trek, en dit het stadig gegaan want net vyf man kon op een tyd oorgaan, terwyl hulle perde langsaan geswem het. Dit was byna sonop voor ons almal deur was. Die Britte het forte al langs die rivier gehad en waar daar 'n voetpad was, was dit gemyn met aansluitende drade. Vyf van ons het onderneem om die drade te knip en ek het hulle vanself geknip. Dit het die kommando in staat gestel om deur te kom. Die volgende oggend toe ons deur was het die Kakies op ons geskiet maar niemand was raakgeskiet nie en ons het veilig weggekom.

Op daardie tyd was die meeste van die vrouens en kinders in die Vrystaat na konsentrasiekampe toe gestuur; natuurlik teen hul sin. Maar baie vrouens het in 'n laer gebly tot die ent toe. Sommige van my eie familie was nooit gevang nie. My ouma, 'n vrou van omtrent 70 jaar kon dit nie verduur nie, so was sy na Basoetoland toe gestuur waar sy by een van die opperhoofde (Joel) gebly het totdat die vrede geteken was op Vereniging. Die Burgers wat gen. Kritzinger vergesel het was in klein klompies verdeel en in alle rigtings gestuur om die manne wat hulle kon kry bymekaar te skraap en hulle na sy klein laer toe te bring.



Kolonel Danie Scheepers se huis
Colonel Danie Scheepers' house

Omtrent drie dae na dat ons oor die Oranje Rivier getrek het, het ons omtrent 'n honderd man bymekaar gehad sodat ons stand kon neem as dit nodig was. Ons het verneem dat gen. Knox iewers in die Suidelike Vrystaat was en dat ons op enige tyd ons teen hom kon vasloop. Dit was ook nie lank voor dit gebeur het nie, iewers in die distrik Rouxville. Die geveg het vroeg in die oggend begin en die burgers het hulle posisie behou tot skemer toe. Dit het gelykop geëindig, en elke kant het na hulle respektiewe kampe teruggetrek. Die Britte het swaar verlies gelei, terwyl die Boere 'n paar gewondes had, maar niemand gedood nie. Ek mag sê dat die boere in posisie gelê het, terwyl die Britte moes aanval, en dit is daarom dat ons so lig daarvan afgekom het, want dit is altyd die aanvaller wat die meeste moet ly. Waarom gen. Knox ons nie van die kant af aangeval het nie is 'n raaisel; maar miskien het hy gemeen dat hy net te doen had met 'n paar Vrystaters, in stede van 'n klein kommando van 100 sterk.

In die Zastron distrik het ons weer 'n geveg gehad, ek meen ook met gen. Knox. Hier weer het die burgers hardnekkig geveg tot laat in die namiddag. Hier het etlike baie amusante voorvalle plaasgevind, maar ek is bly om te kan sê dat ons losgekom het sonder enige ongevallen. Ons het baie meer skermutseling in die Vrystaat gehad, maar nie een van ernstige aard nie.

Nadat gen. Kritzinger 'n paar kommando's georganiseer het, het hy besluit om terug te keer na die Kaap Kolonie. Ons het baie moeite gehad om die Oranje Rivier oor te kom, want die hele rivier was goed bewaak, alhoewel hy die meeste van die tyd in vloed was. Ons het verkenners gehad wat moes rapporteer wanneer die water afgaan. Drie keer het ons kennis gekry dat die rivier sak, maar soos die Kommando daar kom het die water weer hoër geword. Eindelik het ons daarin geslaag om weer 'n skuit van 'n goedgesinde persoon in die hande te kry en was ons in staat om oor te trek, weer met die perde langsaan. Ons het dertien perde verloor wat in die wurgsand vasgesit het, en wat ons moes skiet.

Dit was 'n verligting vir die Koloniale burgers om weer terug te wees in bekende streke. Sake het by die dag slegter geword vir die kommando's. Kos vir ons perde was byna onverkrygbaar. Die burgers selwers het egter nie veel gehad om oor te kla nie, behalwe wanneer hulle oor spoorlyne moes trek wat beskerm was deur blokhuisse op kort afstande van mekaar, met tydelike drade by elke kruisplek, met duisende blikke daaraan gehang om die Kakies te waarsku van die nabyheid van burgers. Maar dit het ons nie belet om oor te gaan nie. Om die waarheid te sê ons was tweemaal so in die knyp dat ons helder oordag moes oorgaan.

Weens die skaarsheid van voedsel vir ons perde het gen. Kritzinger besluit om die kommando in twee seksies te verdeel; een onder kommandant Hans Lötter (wat in bevel was gedurende die afwesigheid van gen. Kritzinger) en die ander onder kaptein Cachet, wat gepromoveer was tot Kommandant. "Bontjan" van Heerden en ek was gepromoveer tot die rang van Kaptein. Die twee kommando's moes ko-opereer en mekaar ondersteun en van tyd tot tyd rapport doen. Maar ons het net vir 'n kort rukkie saamgewerk toe gen. Kritzinger noordwaarts gegaan het in die rigting van Steynsburg, met Cachet as Kommandant van sy Kommando.

Gen. Kritzinger vanself het nou 'n klein lyfwag gehad van 12 tot 15 man (wat bekend was as die "Royal" Seksie) en hy het snel rondgetrek om in voeling te bly met al die kommando's. Dit was 'n uitstekende idee en ek glo dat dit ook die taktiek was van gen. De Wet, en dit was waarom hy so dikwels verdwyn het. Daar was toe omtrent tien of twaalf kommando's wat in die Kaap Kolonie rondgeswerf het net soos hulle wou. Maar intussen het die Kakies nie stilgesit nie. Hulle was besig om blokhuisse te bou van Oos Londen na Victoria Wes, en 'n ander lyn hoër op oor Burghersdorp, en hulle het hulle klaargemaak vir die groot "aanja" soos hulle dit genoem het.

En nou het iets gebeur wat my vir geruime tyd onbekwaam gemaak het vir militêre diens. Dit was op die grens van die distrikte Steynsburg en Venterstad. Ons afdeling was verminder omdat deel van ons Kommando, op bevel gestuur was om gen. de Wet te help. Gen. Kritzinger het net omtrent 'n honderd man met hom gehad toe ons aangeval was, en ek was in bevel geplaas van een van die vleuels. Die perd wat ek gekry het was 'n karperd wat al styf was en bederf onder die saal, want gewoonlik wou hy nie sy ryer laat opklim nie. Nadat ek vir 'n tyd lank geskiet het wou ek opklim en kry toe moeite met my perd. In enige geval het ek daarin geslaag om op sy rug te kom en het die spore ingestee om verder vorentoe te kom, toe my perd struikel en op my een been val, wat toe gebreek het.

Ek was toe blootgestel aan die koeëls op omtrent 400 tree afstand. Wyle Pen Wessels, LV wat toe 'n seun was van omtrent 19 of 20 jaar, was in ons kommando en toe hy die

gevaar sien wat ek in was het hy opgeja met sy hand-perd. Wessels het afgespring en my gehelp om op die ongebreekte been te staan en ek het op sy perd gesprong terwyl hy op die ander perd gesprong het. Die perd wat ek opgeklim het was 'n bietjie skraal vir 'n man van my gewig, omtrent 208pd. Een van ons depeche-ryers, Johannes van der Walt, het dit gesien en het na my toe gery en my sy perd aangebied. Onder 'n koeëlbui het ons perde geruil. Die drie van ons het by 'n spruit gekom, en daar die Kakies baie besig was het ons daarin geslaag om ongemerk weg te kom.

Onse ongevalle daardie dag was vyf man gewond, 'n hele paar gevang en een of twee gedood. Daardie aand het ons by 'n boerewoning gebly en toe ek vir die eerste keer gehoor dat my maat, Kommandant Cachet, ook gedood was, terwyl Gen. Kritzinger vermis was. Die burgers, wat baie sleg daarvoor gevoel het, het net 'n kort rukkie op die plaas gebly, toe hulle oor 'n berg in die rigting van Steynsburg getrek het, met kommandant Louw Wessels in bevel. Ses man was aangesê om by my te bly en later het ons hulle gevolg. Ek was vir agt ure in die saal met my gebreekte been.

Die volgende oggend was die Kakies so kort op ons hakke dat ek moes gaan verskuil in die berg. Een van die burgers, Steytler van Wyk, het by my gebly. Die ander vyf mans moes na die kommando gaan en later terugkeer met kos, maar, helaas ek het nooit weer gedurende oorlog 'n oog op hulle gesit nie, Die kommando was dwars deur die Oranje Rivier geja en hulle het vir omtrent ses weke of twee maande in die Vrystaat gebly. 'n Paar burgers is gedood en etlike gewond. Nege daë nadat die been gebreek was, het ek dit myself gespalk met 'n besembos. Vir verbinding moet ek bande van 'n kombes afskeur. Gedurende 'n tydperk van tien weke het ek nooit 'n kers of lamplig gesien nie en nooit 'n mondjievol warm kos geproe nie. Deur die genade van getroue vriende het ek egter nooit sonder kos moes bly gedurende die tien weke nie. Dit dien ook vermeld te word dat daar op daardie tyd 'n beloning van £250 aangebied was vir my in hegtenis te neem, terwyl nog 'n £400 aangebied was deur privaat persone.

Gedurende my verblyf in daardie berg het ons baie amusante voorvalle gehad, en dit was 'n wonderwerk dat ons nie bespeur was nie. Daar was egter 'n klompie bobbejane in die berg en hulle was ons verkenners want wanneer ons hul hoor skree het ons geweet dat daar iets aan die roer was en dus ekstra voorsorg geneem. Op een geleentheid het 'n jakhals die bene in ons skuilplek geruik en tot by my gekom en na my staan en kyk vir bykans twee minute. Op 'n ander geleentheid het 'n muishond op my kop kom sit, wat onder die kombes was. Dit, het ek vir van Wyk gesê, was die toppunt van brutaliteit. Gedurende die tien weke wat ek moes verskuil, moes ek drie maal my kwartiere verwissel. Op die ent van daardie tyd was ek so moeg vir die stil lewe dat ek dat ek bereid was om enige waag te neem om verandering te kry, so het ek besluit om weer die kommando te gaan soek. Na baie wederverings het ek eintlik Fouche se kommando bereik.

Vir die eerste paar weke nadat ek by die kommando aangesluit het, was ek nog maar baie swak en moes ek 'n kruk gebruik, en dit was baie moeilik om beide my geweer en my kruk op die perd te hou. Ek en Fouche kon eers nie klaar kom nie en ons het op etlike mindere sake verskil, maar later toe ons saam 'n paar noue ontkomings deurgemaak het, het hy my waarde as soldaat en leier ontdek.

Na baie avonture het ons die Drakensberge bereik en hier het dit met ons bars gegaan. Duisende troepe was in die berge gekonsentreer. Hier was Fouche in die been gewond en hy het so baie bloed verloor dat hy flou geword het en ons hom moes wegsteek. Daar en dan het die offisiere besluit om die kommando vir veertien dae te ontbind en weer op sekere plek bymekaar te kom. Dit is baie makliker vir vyf of tien man om ongemerk rond te trek as wat dit vir 50, en ons het die Kakies so dronk geslaan met ons verdwyn dat die meeste van hulle weer suidekant toe getrek het. Toe ons later op die bestemde plek bymekaar kom het ons suidwaarts agter die troepe getrek en ek was bly om onslae te wees van die Drakensberge en hulle inwoners.

Terug in die Kaap het ons 'n tragiese verhaal uitgemaak. Hopeloos oorweldig in getalsterkte was ons hot en haar gedryf en ek het baie noue ontkomings gehad. Op een geleentheid was ons vasgekeer dat ons enigste hoop was om dwars deur 'n Britse kamp te ry met die hoop dat hulle ons sou aanneem vir troepe. Die plan het geslaag en ons het deur die kamp gegaan sonder om agterdog te wek.

In een skermutseling naby Burgersdorp het drie koeëls my geraak, maar dank sy my beskermende engel, het almal van hulle net deur my klere gegaan, almal aan my linkerkant.

Nadat ons vir 'n tyd lank rondom Steynsburg, Burgersdorp en Molteno kryggevoer het, het ons weer afgewerk en die spoorlyn gekruis tussen Cradock en Middelburg, en van daar op na die Coetzeesberg gebergte. Teen hierdie tyd was ons perde geheel en al uitgeput en ons het nie die minste hoop gehad om van die Kakies ontslae te raak nie, en sake het by die dag erger geword.

Tussen Graaff-Reinet, Pearston en Jansenville het ons besluit om ons beste perde uit te soek om as lokvoëls te dien om die troepe weg te lei van die orige deel van die kommando af (wat ons die Maërlaër genoem het) om hulle die geleentheid te gee om die uitgeputte perde 'n baie nodige rus te gee.

Ons het deurgewerk na die Camdeboo gebergte, met kol Price kort op ons hakke en vir drie dae en nagte het ons nooit die saals van die perde afgehad nie. Deur te swem deur 'n rivier wat in vloed was het ons daarin geslaag om los te kom van die troepe wat ons gevog het, en 'n kloof in die Camdeboo Berge was ons in staat om ons perde vir 'n week te laat rus. Hier het ons drie vet beeste geslag en hulle sonder sout opgeëet met die gevolg

dat almal van ons swaar gely het aan buikloop. Hiervandaan het ons weswaarts getrek om te soek vir die kommando van gen. Wynand Malan. Daarna het ons weer ooswaarts getrek. Generaal Malan het 'n sekere kommandant Karel van Heerden by hom gehad, 'n onverskrokke man wat geen vrees geken het nie. Hy was 'n rebel uit Aberdeen wat angstig was om daardie dorp in beslag te neem, en vir drie dae het hy ons geen rus gegee nie, Ons was huiwerig want ons het geweet dat die dorp goed versterk was; maar van Heerden het gesê hy sou ons van lafhaarde brandmerk en so het ons eindelijk ingegee. Ek het nie persoonlik aan die aanval deelgeneem nie, want die twee laers was onder my bevel gelaat.

'n Aantal uitgesoekte manne het die dorp teen dagbreek aangeval. Die aanval het misluk en kommandant van Heerden en 'n burger met die naam Joseph Botha was doodgeskiet en etlike manne gewond.

Fouche het toe in die rigting van Graaf-Reinet getrek, en op Stapelford, die plaas van 'n mnr Gardiner, het ek my nouste ontkoming gehad. Daar moes ek my Sambrown, lyfband, rewolwer sambok, spore en vêrkyker agterlaat en wegvlug op 'n perd wat net 'n halter aangehad het. Dit was die eerste en laaste maal wat die Kakies iets van my buitgemaak het.

Die kommando het toe na die Pearston distrik getrek en langs die Vogel Rivier was ons weer onverwags aangeval, maar niks ernstig het gebeur nie. Daarvandaan het ons in die rigting van Sheldon getrek, en op die plaas van 'n mnr. Botha. "Draai van Visrivier" het ons 'n skermutseling gehad met die Britse troep, en daar was gen. Malan dodelik gewond (so het ons altans gemeen).

Dieselfde middag was kommandant Fouche gepromoveer tot Generaal en Henry van Rensburg was gepromoveer tot kommandant. Ek is deur gen. Fouche gevra om bevel te neem oor sy kommando, en vir die tweede maal nadat ek 'n rebel geword het, het ek geweier om my te laat benoem tot kommandant. Die rede waarom ek geweier het was omdat my arme ou vader vervolgd was deur die militêre outoriteite vir my rebelleer, alhoewel hy nie op enigerleiwyse vir my verantwoordelik was nie. My vader was vir nege maande in die tronk gestop en later was hy na Port Alfred gestuur.

Na 'n paar skermutselinge in die Bedford distrik, waar twee van ons manne, Kotie Wasserfall en Swanepoel, onder die witvlag geskiet was, het ons na Cradock getrek, waar ons kennis gekry het dat vrede geteken was en dat ons ons wapens moes oorgee.

Die meeste van die Vrystaters en sommige rebelle was bly om die nuus te kry. Sommige van die rebelle het egter hulserwers vervloek omdat hulle soveel tevergeefs opgeoffer het, toe hulle sien hoe die Vrystaters hulle gedra. Vir al wat laasgenoemdes omgegee het kon die Rebelle na die maan gaan, hulle het ons nie eers gegroet nie.

Toe die burgers oorgegee het op Cradock was hulle in twee kampe geplaas, die eks-republikeine in, een en die Rebelle in 'n ander. Meeste van die prominente manne onder die Rebelle was tronk toe gestuur. Ek het nie saam met die kommando's oorgegee nie, want ek was uit op verkenning toe die bevel gegee was. Toe ek die nuus hoor, het ek en die vier man met my besluit om Duits-wes toe te trek.. My maats het egter hul gedagte verander en so het ek ook maar oorgegee, en hulle het my reguit tronk toe gestuur, waar ek saam met omtrent 'n honderd ander man aangehou was. Die plek was vervuil van die luise, wat die lewe baie onaangenaam gemaak het; andersins was ons taamlik gelukkig.

Ek was aangekla van hoogverraad en het drie-en-twintig maal in die hof te Cradock verskyn, eenmaal te Dordrecht, en uiteindelik voor die Krygshof te Kimberley, waar ek vrygestel en huis toe gestuur was.

Later het die magistraat van Cradock my laat roep en my gesê dat die Krygshof vergeet het om my stemreg weg te neem, en dat hy dit nou doen. Teen hierdie handelswyse het ek appêl aangeteken en my saak gewen, met die gevolg dat ek 'n vrye pardon ontvang het van Sir Walter Hely-Hutchinson, die toenmalige Goewerneur van die Kaap. Sover ek weet was ek die enigste Rebel wat 'n prominente aandeel geneem het in die Tweede Vryheidsoorlog wat 'n vrye pardon ontvang het en my stem behou het. Ek mag hier aanmerk dat ek my naam van Scheepers na Schweizer verander het nadat die beloning vir my inhegtenisneem aangebied was.

Al wat oorbly om te noem is dat, meer as twintig jaar later, my dienste aan die Republikeine tog erkenning aan my van die Dekorasie vir Trou Diens. Op daardie tyd was ek 'n Kolonel in diens van Sy Majesteit.

something astir, and took extra precautions. On one occasion a jackal smelt the bones at our hide-out and came right up to me, staring me in the face for nearly two minutes. On another occasion a muishond came and told van Wyk, was the pinnacle of with a blanket. That, in weeks that I was in hiding I had to brutality. During the times. At the end of that period I was shift my quarters three times. At the end of that period I was tired of the inactive life that I was prepared to risk anything for a change, so I determined to set out and rejoin the Commandant Fouché's Commando.

A few weeks after I joined the Commando I was still very weak and had to crutch, and it was very awkward to carry both my rifle and crutch on horseback. At first Commandant Fouché could not hit it, and differed over several minor matters, but later when we were to escape together, he had a soldier and leader.

On our adventures we reached the Cape and here we had beans. The troops were concentrated in one place. Here Fouché was wounded and lost so much blood that he was unable to move. There we had to hide him. Then the officers decided to disband the Commando for a fortnight and to meet again at a certain place. It is much easier for five or ten men to move about unseen than it is for fifty, and we so puzzled the Khakis by our disappearance that most of them went south again. When we met later at the appointed time and place we followed the troops south and I was glad to be finished with the Drakensbergen and its inhabitants.

BACK in the Cape our adventures make a tragic story. Hopelessly outnumbered we were driven from pillar to post, and I had many very narrow escapes. On one occasion we were so hemmed in that our only hope was to make straight for a British camp right in front of us in the hope that we might be mistaken for troops. The ruse succeeded and we passed the camp without rousing suspicion.

In one scrap near Burghersdorp three bullets hit me, but thanks to my guardian angel all of them passed through my clothes only, all on my left side.

After operating around Steynsburg, Burghersdorp and Molteno, we gradually worked our way down to cross the railway line between Cradock and Middelburg, and from there up to the Coetzeeberg range. By this time our horses were completely knocked up and we had not the slightest hope of shaking off the Khakis and matters grew worse by the day.

Between Graaff-Reinet, Pearston and Jansenville we decided to select the best men and horses to act as a decoy to draw the troops away from the rest of the Commando, which we named the Maërlaër, so as to give a much needed rest to the exhausted horses.

if we did not yield so at last we yielded. I personally did not part in the attack as the two Laërs were left in my charge. A number of picked men attacked the town at about daybreak and killed and Commandant van Heerden and a man named Joseph. Botha were killed, while several men were wounded.

Fouché now moved in the direction of Graaff-Reinet. Cradleford, the farm of a Mr. Gardiner, I had one of my men shaves. Here I had to leave my Sambrown belt, revolver, spurs and telescope, and escape on horseback with only a halberd on. This was the only thing I had and I lost it. The Khaki captured my belongings.

THE Commando then moved into the direction of the Vogel River. There had another serious attack, but serious happened from that time in the direction of Sheldon, where a farm of a Mr. De la Rive, "De la Rivier," we had a way with the troops and General De la Rive was wounded (as we thought at the time).

The same afternoon Fouché was promoted to General. van Rensburg was promoted to Colonel. I was asked by General Fouché to take command of his Commando. This was the second time after going into the field. I refused to accept the rank of Colonel. The reason why I refused was my poor, old father was being persecuted by the military authorities for my being a rebel, although he was in no way responsible for me. My father was kept in prison for nine months and later on he was sent to Port Alfred.

After some skirmishes in the district, where two of our men, Wasserfall and Swanepoel, were shot, the white flag, we moved into Cradock where we were informed that peace had been concluded and that we must return to our arms.

Most of the Free Staters and the Rebels were delighted when they heard the report. Some of the Rebels, however, cursed themselves for sacrificing so much and all in vain, when they saw the result of the Free Staters. For all the talk the Rebels could go to Hong-Kong and did not even say good-bye to us.

WHEN the burghers surrendered to Cradock, they were placed in the camps, the ex-republicans in one and the Rebels in another. Most of the prisoners among the Rebels were sent to Cradock. I did not surrender with the Commando as I was out scouting when the order was received. When I heard the news, the four men with me resolved to make our way to German West. My commando, however, changed their minds and surrendered and was sent straight to Cradock where I was detained with about a hundred others. The place swarmed with lice, and made life very unpleasant; otherwise we were quite happy.

£250 REWARD.

1901

A PRIZE OF

Daniel Scheepers.

A reward of TWO HUNDRED & FIFTY POUNDS Sterling will be paid to anyone arresting DANIEL SCHEEPERS, lately of Upsaal, in the Division of Somerset East, charged with the Crime of Murder, committed on the 24th day of March, 1901, at Dwingfontein in this District.

LANCELOT HARISON,

Resident Magistrate.

Resident Magistrate's Office,

Cradock, 28th March, 1901.

a-860.

DESCRIPTION,

Dutchman, of about 26 years of age, stout and strongly built, about 5 feet 7 inches, thick neck, fair hair and moustache. Speaks English, was a pupil of Gill College, Somerset East, son of Gert Scheepers of Upsaal, District of Somerset East.

Edward the Seventh, by the Grace of God of the
United Kingdom of Great Britain and Ireland,
and of the British Dominions beyond the
Sea, King, Defender of the Faith, Emperor
of India.

Whereas Daniel du Plessis Scheepers was convicted of
the crime of High Treason before the Court of the Resident
Magistrate for the District of Cradock holden at Cradock upon
the 22nd June, 1903, and sentenced to detention till the rising
of the Court:

And whereas it appears that the requirements of Pro-
clamation No. 100 of 1902 had not been observed in the case
of the said Daniel du Plessis Scheepers and that grace should
therefore be extended to him and that he should be freed from
the said conviction and sentence:

Now therefore we do hereby grant to the said Daniel
du Plessis Scheepers a full and free pardon in respect to
the said offence, conviction and sentence.

In testimony whereof we have caused these Our Letters
to be made Patent under the Public Seal of Our Colony of
the Cape of Good Hope.

Witness Our Trusty and well-beloved The Honourable
Sir Walter Francis Hely-Hutchinson, Knight Grand Cross of
the Most Distinguished Order of Saint Michael and Saint
George, Governor and Commander-in-Chief of His Majesty's
Colony of the Cape of Good Hope, and of the Territories and
Dependencies thereof, at Cape Town, this Seventeenth-day of
August, in the year of Our Lord One Thousand Nine Hundred
and Three.

Walter Hely-Hutchinson

Governor.

By His Excellency's Command.

J. H. P. J. J. J.

Edward the Seventh, by the Grace of God of the
United Kingdom of Great Britain and Ireland,
and of the British Dominions beyond the
Seas, King, Defender of the Faith, Emperor
of India.

J. H. Scheepers

Fascimile of Col. Scheepers' free pardon
Faksimilee van Kol. Scheepers se vry pardon